

Omdat ek loof

deur Hennie Aucamp

inleiding tot Die eindelose avontuur
van Audrey Blignault

~~Omdat ek loof~~

57

in vet, swart
letters, aas. →

[Al sou die vyeboom nie bot nie
 [en daar geen druive
 → [aan die wingerde wees nie,
 [al sou die olyfoes misluk
 [en die lande geen oes lewer nie,
 [al sou daar geen kleinvee
 → [in die kampe meer wees nie
 [en die heeskrake sonder heeste was,
 → [nogtans sal ek in die Here jubel,
 [sal ek juig in God, my Redder.

Habakuk 3 : 17-18

[Awakeners — dis wat Edith Wharton die boeke noem wat haar tot ontwaking en selfontdekking gebring^{het}. En ontwaking, via die ~~Engelse~~ woord, ~~mitologiese~~. het vroeg^{al} in Wharton se lewe gebeur, nog voordat sy self kon lees^{het}, maar ^{nogtans} uitasem geluister het na 'n huisvriend wat Griekse miles aan haar vestel het.

[Skrywers wat met die Bybel en met mitologie groot word het volgens my die allerbeste skoling ~~gehad~~ wat 'n skrywer maar kan hoop om te hê. Hy maak van meet af aan met verhewigde lewe kennis ~~van die~~; met karakters wat groter as Lewensgroot is. En ~~dit~~ nooit ~~sal~~ hy weer terebre wees met ^{mak} verhale nie. Sy fantasie is ^{sy rolmodelle is} gevorm deur die groot, opripende gebaar^{ing} van die helde van Hellas, die Simsons en Dawids van die Ou Testament.

[Ek weet nie wat Audrey Blignault as kind gehoor en gelees het nie, maar ek vermoed dat stories reeds voorskous "awakeners" in haar lewe was.

["Awakeners" moet eintlik op twee maniere vertaal word — as wekkers en as verwekkers. Want die groot skrywer is ~~...~~ ook 'n verwekker. En 'n verwekker is meer as net 'n invloed.

[E. M. Forster onderskei byvoorbeeld tussen skrywers wat hom ^{as skrywer} beïnvloed het en skrywers wat hom as mens verleng en uitgebrei het.

['n Boek, wil hy regtig 'n wekker en 'n verwekker wees, moet

'n totale aanslag wees op sy lesers. Dit met die lesers intellek-
tueel, emosioneel en moreel oorrompel; hom aan gevaarlike
gedagtes blootstel; hom uitgeput laat steier, soos na 'n
seksavontuur.

- [Bowenal moet, ^{so 'n boek} ~~by~~ die lesers laat val dis sy plig, sy
verantwoordelikheid, om onmiddellik sy geesdrif
met ander te deel.
- [Dis wat Audrey Blignault in leeftyd lank doen:
sy nooi ons, nee, dwing ons om kennis te neem
van haar "wekkers", of hulle nou Habakuk
heet of Keats, Tolstoi of Malouf. Sy skryf ^{dikwels}
oor boeke in haar essays ^{bundels} — en daar is waafl essays-
bundels. Sy praat oor boeke in radioprogramme. Sy
praat oor boeke voor leeskringe, skoolkinder, studente.
- [Dit gaan baie ver terug, ^{haar boekbesetenheid. Reeds} ~~die besetenheid oor boeke.~~
as jong redaktrise van Die huisvrou het Audrey
Blignault ^{gereeld} ~~reeds~~ verhaale uit die wêreldletterkunde
geplaas, ^{lang} ~~asook~~ aanhalings uit die groot skrywers,
netjies in rame geplaas, sodat jy die aanhalings moet
raak sien. al kan die universiteit
toe nog in skoolseun
- [My ma het Die huisvrou gekry, en ek, ^{se werke} het ^{vakansies} van
die aanhalings uitgekniip en in my dagboek geplak.
Dis bykans ^{veertig} jaar later, en nog onthou ek van daardie
aanhalinge, indien nie woordelikes nie, dan tog naastenby.
Hier volg ^{een} ~~in~~ ^{een van} ~~fraas~~, gekontroleer aan ^{een van} my dagboeke:

Jong man, moenie die gebed vergeet nie.
Elke keer dat jy bid, as jou gebed opreg
is, sal daar 'n nuwe gevoel en 'n nuwe bete =

kenis daarin wees, wat jou weer moed sal gee, en dan sal jy verstaan dat gebed 'n opvoeding is.

Dostoewsky (sic) in Die broers Karamazov.

Huisvrou -

[Die ander ^{aan}aanhalings in my dagboek is te lank om te herhaal — 'n lang, digte "dissertasie" oor die liefde, ook uit Die broers Karamazov; 'n lang aanhaling uit 'n essay van Cicero waarin hy rustig verduidelik dat die dood niks te vrees is nie. "As dit algehele uitwissing beteken," sê Cicero, "is dit nie die moeite werd om daarvoor bevrees te wees nie; as dit 'n oorgang na onsterflikheid beteken, dan is dit slegs te begeer.

[Ek kan in alle eerlikheid sê dat Dostojewski 'n wakker in my lewe was, ^{bloot al} op grond van twee ^{in Die huisvrou}aanhalings; ek het die gebed as opvoeding leer ken en ek het besef dat liefde 'n baie omvattende begrip is wat ál ^{wyter}hoër en ál ^{hoër}wyter uitspiraal. (Eers baie jare later het ek ^{die hele}Die broers Karamazov ^{geles.}) En ook Cicero was 'n wakker en 'n verwekker in my lewe; ^{weereens:} op grond van 'n enkele aanhaling. En dis Audrey Blignault se aanhaling uit M.E.R. wat 'n hartstog by my gestig het vir 'n wyse en merkwaaardige vrou wat, ^{lates}'n groot bydrae tot my vorming as mens en as skrywer sou lewer.

[Dis dan hoe ek Audrey Blignault leer ken het; in Die huisvrou van destyds. Audrey, ^{Blignault} die wêreldreisiger; op die paaie van die woord.

[Ek het haar essays in Sanie gelees; na haar radio-praatjies geluister; haar as pleitbesorger vir talent

4
leer ken, in watter medium ook al. Sy het al hoe meer
gemoed geraak met Afrikaans, ^{myt} die Afrikaanse boek;
ja, in so 'n mate self dat jy "begin vergeet het dat
sy 'n universele burger is.

[En toe kom Insig en vra Audrey Blignault om
maandeliks 'n essay oor 'n meesterwerk uit
die wêreldletterkunde te skryf. Skielik, ná jare,
kon sy voluit skryf oor haar "magnificent obsession",
die letterkunde; ~~geen~~ in die vorm wat vir
haar so natuurlik soos asemhaling kom: die essay.

[Vir my is Audrey Blignault se essays in Die eindelose
avontuur: 'n venster op die wêreldletterkunde van kardinale belang wanneer jy
'n oordeel oor haar oeuvre wil uitspreek. Dit bring
'n korrekief aan by haar beeld as gesellige huis=
vrou en hoëpriesteres van ~~die~~ ^{alledaagse} vreugdes; dit voer
jou na die donkerder kante van haar poësie; ^{kante} wat
so selde deurkom in haar ~~werk~~ literêre essays.

[Dis ^{vir my 'n} jammerte dat ^{die tema} vreugde soveel van Audrey Blignault se produksie as skrywer ingepalm het.

(Deurskant haar rapsodieë oor die vreugde is daar
haar verhale cum essays ~~oor~~ in mineuroon; aan die
anderkant van haar jubilasies, haar boestig - komiese
essays.

[Dit sou dwaas wees om literêr — of sielkundig — te probeer
verklaar waarom Audrey Blignault se beste werk aan die
uiterste punte van ~~die~~ skaal lê; maar bloemlesings en uitz-
sprake van literatêre wys telkens ^{uit} dat haar gedempte
statieke en haar luidnagtig-onaakse ^{stukke} hoogtepunte in haar
oeuvre verteenwoordig.

[Ek sou lank en opgewonde oor Audrey Blignault se "gedempte" en "luidrogtige" tekste kon praat; by name oor die pragtige elegie, "n Vreemdeling op aarde", en by name oor daardie uitbundige essay, "Korswel met 'n kangaroo".

[Dit sou ook makliker wees om oor ^{tekste} te skryf wat ~~my~~ sterk geraak het, maar ek durf nie n draai loop om daardie deel van die Blignault-oeuvre wat my minder aanspreek nie. Ek het die stelling ^{gewaag} ~~gemaak~~ dat Audrey Blignault se essays in Die eindelose avontuur 'n korreltief is by haar ekstatische essays oor die vreugde, en ^{nu} ek moet ^{ek} ~~nu~~ hierdie stelling probeer staaf.

2

[Haekom is vreugde so n verraderlike tema in die letterkunde? Omdat dit maklik tot sentimentaliteit kan lei; tot hoog-gestemde formuleringe wat na pseudopoësie en geaffekteerdheid ~~plek~~ ^{kwesem}. Omdat ~~dit~~ ^{die belydenis van vreugde} 'n soort romantiese idealisme verteenwoordig wat vals aandoen in 'n wêreld waar geweld, ontgogelingsvernaad ^{daaglikse werklikhede is} ~~hoof~~ ^{en} begrippe soos die Absurde, die Eksistensiële, ⁱⁿ ~~die~~ Magserotiek ~~en so meer~~ nuwe lewenshoudings ^{uitdruk} ~~benoem~~. Omdat vreugde ^{op hierdie ondermaanse} doodgewoon nie die reël is nie. Van Wyk Louw het gepraat van die grootheid wat so skaars is op hierdie aarde; ^{en} hy kon ook ~~na~~ vreugde - sublieme vreugde - ^{gendem} ~~gepraat~~ het.

[^{meer} Op 'n persoonlike vlak: ek wantrou idealiste. Op grond

van pynlike ervarings wantrou ek die idealis ^{die} cum Kampveger.
Ideale, idees, waardes, noem die sake wat jy wil, is vir ^{die} idea-
lis belangriker as mense. Hy sal alles en almal wat
tussen hom en sy ideaal kom, roekeloos uitskakel; selfs
vertrap, as dit moet.

[As Audrey Blignault 'n idealis is, dan is sy volstrek nie
van 'n ^{soort} ~~soort~~ nie. Sy gee hartstogtelik om vir
wat M.E.R. so mooi genoem het, die ewewens; haar
lewe is 'n ^{een lang} getuënis van naastediens. Talle skrywers
het hul eerste aanmoediging en hulp van Audrey Bliz-
nault, ontvang; en vriende kan te alle tye ^{haar} op ^{trou} en opbeuringt ^{nieken}.

[Tog moet ek beken dat ek lank gelede gewonder het:
sal Audrey Blignault haar vrolike lied en haar
ligter tred behou as die lewe haar hard sou slaan?
Die lewe het haar ^{sedertdien} geslaan, hard en verkenklik; en
nogtans jubel sy. Dit was 'n soort geresstelling, want
haar ^{lofsang} ~~lied~~ aan die vreugde het ^{naai vir my} groter geldigheid ver-
kry; sy sing, het ek ^{gewest}, "bo 'n somberte
in haar hart".

[Maar ek, ongelowige Thomas, wou meer van die som-
berte in haar essays terugvind. ^{tydens} In haar diep reis
in die letterkunde in, moes sy tog telkens besef
het dat die mens 'n afgrond is, soos Georg Büchner
dit gestel het; 'n afgrond wat jou laat duisel wanneer
jy daarin afkyk. Of sy moes besef het ^{dat} die mens
'n walg kan wees, soos Sartre en sy skool dit ge-
stel het.

[Maar Audrey Blignault se credo, "Nogtans sal ek jubel",
word ^{self} vanuit die letterkunde ^{geregtig} en ^{verdedig}.
Niemand minder ^{nie} as Rainer Maria Rilke spreek ^{in 'n gedig} ~~sy~~
sien oor lofsange en pynliedere ~~uit~~ uit. Hy

eggo, byna woordelihs, die credo van Habakuk: Nogtans
sal ek jubel.

[Rilke se gedig, wat só begin:

[O sage, Dichter, was du tust? - Ich rühme.

het op die vreemdste wyse tot my gekom tenyde ek besig was om hierdie inleiding te skryf. 'n Kollega by departement Duits het vir my 'n kopie gestuur van 'n Rilke gedig waartoe ek ^{iets} vir 'n artikel wou aanhaal. Ek het my aanhaling uitgekniip en die res van die fotokopie in die snippermandjie gegooi. 'n Hour of twee later dwing iets my om die ^{re} verkeerdelike kopie uit die snippermandjie te haal: dalk het ek nie die volledige aanhaling uitgekniip nie? Ek het ^{toe} wel uitgekniip wat ek nodig gehad het, maar op een bladsy staan daar 'n titellose gedig van Rilke wat my ^{sonmiddellik diep} emosioneel aangryp het. Hier volg dit:

[O SAGE, Dichter, was du tust? - Ich rühme.
[Aber das Tödliche und Ungetüme,
[wie hältst du's aus, wie nimmst du's hin? - Ich rühme.
[Aber das Namenlose, Anonyme,
[wie ruft du's, Dichter, dennoch an? - Ich rühme.
[Woher dein Recht, in jeglichem Kostüme,
[in jeder Maske wahr zu sein? - Ich rühme.
[Und daß das Stille und das Ungestüme
[wie Stern und Sturm dich kennen?: - Weil ich rühme. *

O, sage, Dichter was du ^{tust?} ^{van} Rainer Maria RILKE, Rilke, vertaal deur dr. Arnold Blumer van die departement Duits, Universiteit van Stellenbosch.

[O sê, digter, wat doen jy? - Ek loof.
[Maar die dodelike en die monsteragtige,
[hoe verduur jy dit, hoe hanteer jy dit? - Ek loof.
[Maar die naamlose, ~~anonieme~~ anonieme,
[hoe roep jy dit, digter, nogtans? - Ek loof.
[Waarvandaan jou reg om in elke kostuum,
[agter elke masker waar te wees? - Ek ^{loof} roem.
[Hoekom ken die stil en ^{starmagtige} ^{onstuimige} ~~voortvarende~~ dinge
[soos ster en storm jou?: - Omdat ek loof.

[Koppig bevestig die ^{digtergestalte} ~~skatting~~ ná elke vraag, sy reg om te loof. Maar die slot van die gedig bring 'n dimensie wat nie by Habakuk staan nie. ^{aan hom} En hoe is dit, word aan die digter geva, dat stil en ^{onstuimige} ~~grootdadige~~ dinge, soos ster en storm, jou ken? Waarop die digter antwoord:

Ou, say, poet, what is it you do? - I praise. But the deadly and monstrous things, how do you endure them, how do you accept them? - I praise. But the nameless, anonymous things, how are you yet able, poet, to call upon them? - I praise. Whence your right to be true in every disguise, in every mask? - I praise. And how is it that silent and violent things like star and storm know you? - Because I praise.

omdat ek loof.

[Die essays in Die eindelose avontuur bevestig dat ook verskriklike dinge hulle bewys is van Audrey Blygnault. Om by Rilke se inventaris te bly: dodelike en monsteraartige dinge, naamlose ~~dinge~~ dinge; stil in ^{sterwagtige} ~~gewelddadige~~ dinge.

3

[Het ^{die digter, die skrywer,} die "man of letters", die ~~sogena~~ kultuurneus, nog 'n plek en 'n funksie binne 'n maatskappy wat kultuur en die kunste met wantroue bejeën, en selfs openlik as obsoleet en eliter afmaak?

[Dit wil lyk of daar, ^{selfs in die Suid-Afrika van tans,} tog nog geloof in die kunste bestaan by enkele organisasies en instansies; onder andere uitgewers. Sekerlik was die publikasie van Audrey Blygnault se essays oor meesterwerke in die wêreldletterkunde 'n geloofsdaad, en ons, die lesers van hierdie essays, is des te ryker daardeur. Weer stel Audrey Blygnault ons ^{voor} soos lank gelede, ^{in die huisvrou} aan "awakeners"; aan wekkers en verwekkers.

['n Onlangse wekker in my lewe is die Italiaanse skrywer, Primo Levi. Hy is een van die Jode wat Auschwitz oorleef het en sedertdien, asof gedrewe, die periode in sy lewe dokumenteer, meesal by wyse van besinnings.

(9)

[Een van sy essaybundels oor Jodevervolging tydens die Tweede Wêreldoorlog — ek het die bundel in Nederlands gelees — heet: De verdronkenen en de gereden. Wat Levi oor die intellektueel en die kultuurneus binne 'n oorlewingsopset sê, raak alle oorlewingsituasies; ook dié in Suid-Afrika, vandag.

[In sy essay, "De intellektueel in Auschwitz," probeer Levi verduidelik hoe hy die intellektuele mees sien. Die intellektueel is vir Levi die soort mees vir wie ontwikkeling verder reik as sy daaglikse werk. Dis die soort mees wat beskawing as iets lewends ervaar; iets wat homself voortdurend vernuwe en verruim. Die intellektueel, nog altyd volgens Levi, respekteer alle vorme van kennis, al kan hy hom nieraard nie in ~~alles~~ alle kennis verdiep nie.

[Tog is dit nie in die eerste plek kultuur wat Levi laat oorleef het in Auschwitz nie. Hy was 'n skeikundige van beroep en kon — weliswaar as gevangene — van nut wees in 'n reeffabriek wat ten nouste met die Nazis saamgewerk het. Beskawing en kultuur kan selfs nadele wees in oorlewingsstye; volgens Levi, Meuse wat min weety ~~kan ook makliker~~ ^{het min om te} vergeet; hulle kan hulle ^{duo makliker} neer lê by die meganiese van 'n gevangenebestaan. En ~~gewoonlik het hulle werkers-~~ ^{werkersgevangenes het} hande, wat die intellektueel selde het.

[En tog is daar, sy teenargumente ten spyte, steeds dié refrein by Levi: dalk het kultuur hom Auschwitz help oorleef.

(10)
[Die volgende passasie is 'n treffende voorbeeld van Levi se "Kultuur-
[reësin"

Cultuur kon help; nie dikwyls, nie
overal, nie iedereen, maar een enkele keer,
zeldzaam en kostbaar als een edelsteen,
hielp het, en voelde je je als het ware
zweven; met het gevaar dat je daarna
weer met je volle gewicht op de grond
smakte, des te pijnlijker naarmate
je exaltatie intenser was geweest en
langer had geduurd.

[Die ekstatische humanis raak 'n skaars verskynsel
op hierdie aarde.

[Audrey Bignault en Primo Levi sou mekaar die
hand moes reik.

Kaapstad

20 Augustus 1992